

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:1-16

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13 (AFR83)

Die wonderbaarlike en kragtige werking van die Woord van God

Die apostel Paulus kon skaars drie weke in Tessalonika werk voordat hy in die nag moes vlug as gevolg van 'n opstand en vervolging deur afgunstige Jode (Hand. 17:1-10). Vol kommer het hy gewonder wat van die klein gemeente wat in Tessalonika ontstaan het, gaan word. Was sy koms en verkondiging onder hulle tevergeefs en 'n mislukking? Menslikerwys gesproke kon hy nie veel verwag nie.

Maar die boodskap wat hy in Tessalonika gebring het, was die Woord van God. Dié Woord wat 'n krag tot redding is van elkeen wat glo (Rom. 1:16). Daarom lees ons ook hoe dit in Tessalonika wonderbaarlik en kragtig gewerk het:

- 1) Die Woord is eenvoudig en suiwer GEBRING, sonder vleitaal, bybedoelings soos hebsug of soeke na die eer van mense. Met groot sorg en opofferende liefde, soos die van 'n ma (2:7) en 'n pa (2:11), is elkeen met die evangelie bemoedig en aangespoor.
- 2) Die Woord is GEHOOR en ONTVANG in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God (2:13). Hierdie oortuiging in elke hart was die werk van die Heilige Gees (1:5).
- 3) Die Woord het ook 'n kragtige UITWERKING in die lewe van die gelowiges van Tessalonika gehad. Paulus noem hulle " 'n voorbeeld vir al die ander gelowiges" (1:7) en verwys aan die begin van sy brief na die werk van hulle geloof, die inspanning van hulle liefde en hulle volharding in Christelike hoop (1:3).

Het God se kragtige Woord van redding ook so tot by jou gekom? Dank God dan, soos Paulus doen, onophoudelik (2:13) vir hierdie wonderbaarlike werking van God se genade in jou lewe.

Sing: Psalm 119-1:19, 39

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)